

TOTIUS OOR DIE PSALM MELODIEE deur S. Le Cornu

Administratiewe notas:

In my skrywes en aanhalings hieronder verwys ek op die volgende wyse na “Totius se Versamelde Werke”:

- bv. TVW1977:3:10 = Versamelde Werke: 1977 Tafeberg-uitgawe: deel 3: bl.10
- bv. TVW1960:2:10 = Versamelde Werke: 1960 Dagbreek-Boekhandel weergawe: deel 2 bl.10

(Let wel: Die 1960 uitgawe is nou elektronies beskikbaar op Attie se blog, gaan laai dit asb daar af: <http://www.enigstetroos.org/pdf.htm> – gaan na ‘4. Leer’)

Inleiding

In TVW1977:3 (1960:D7) vind ons Totius se artikels oor ‘Die Erediens’. Sien die betrokke inhoudsopgawes van die 2 VW uitgawes vir al die onderwerpe wat hy aanspreek daar in deel 2 oor die erediens. Ek kan ook vermeld dat ek reeds ‘n opsomming so paar jaar gelede gemaak het onder die titel “Vyf artikels oor die Kerklied”, Totius se standpunt oor die “Psalms, Skrifberymings en Gesange” [TVW1977:3:425-477], en hoe dit ons vandag help om oor die saak te besin, sien hier my artikels:

<http://proregno.com/2010/01/19/pro-regno-nr-11-die-kerklied/>

Wat **die melodie-kwessie** dan betref, is dit spesifiek die volgende twee afdelings wat bestudeer kan word:

Afdeling A – DIE MODELGEMEENTE (TVW1977:3; 1960: deel7_02 [nota: die ‘02’ verwys na die 2de afdeling in deel 7 volgens die 1960 uitgawe soos beskikbaar op Attie se blog), spesifiek:

- 1 Die sang [a]
 - 2 Die sang [b]
 - 3 Die sang [c]
- [hier te vinde - 1977:3:3-13; 1960:7:69-78]

En dan by Afdeling E, die volgende artikels [1977:3:392-425]

- Psalmberyming en Psalmgesang !
- Hoe ons Psalms gesing moet word
- Die melodieë van ons Psalmboek
- Nog eens die Psalmmelodieë
- Ritme
- Kort en lank
- Waardevolle wenke insake ons kerkmusiek

Hier volg 'n paar aanhalings en 'n paar opmerkings wat ek meen belangrik is om van kennis te neem [alle beklemtonings het ek bygevoeg –slc], aangesien Totius wys op beide:

- a. die *inhoud* van die gesprek oor die melodie keuse wat belangrik is, én,
 - b. *hoe* dit in 'n gemeente hanteer moet word en/of bekendgestel word
- DUS *beide* die *inhoud* van die saak en *hoe* 'n saak aangebied word is ***belangrik*** vir die Here se eer en die opbou van sy gemeente:

1. In aansluiting by my vorige opmerking, skryf 'n engelsman [TH Matthews, 'n orrelis van die NG Kerk Lindley] as volg, wat Totius aanhaal [1977:3:424; 1960:7:210]:

“Die lieflikste kerksang van alle tye is gemaak tussen die jare 1500 en 1700; die Roomse kerk het die meeste van dié skoonheid geërf. Dit is egter onder die invloed van dié tydperk dat ons baie van die Protestantse liedere gekry het wat die statigheid en plegtige erns van die periode vertolk. „Soos die pêrel gevorm word in die donker dieptes van 'n bodemlose see, soos die diamant berei word in die diepste skuilhoeke van moeder aarde en deur die eeue gebêre en getroetel word, so is daar baie van ons ou melodieë wat die vrug is van eeue lank verby.

Dit is die ontboeseminge van opregte dankbaarheid, innige vroomheid en toewyding, ware belydenis. Daarom kan dit so dikwels weerklank vind in ons eie lewe. Die mineur grondtoon wat so baie van ons melodieë kenmerk, is geen treurnis nie maar val saam met die onder toon van diep erns wat so tipies van ons Calvinisme is. Maar net soos die diamant geen waarde gehad het vir dié wat dit nie geken het nie, so is ons kerklied onbeminde **omdat dit onbekend is.**”

2. Nadat Totius die feit vermeld dat 'n klomp verse van die Psalmboek (wat in destydse Nederland) nooit gesing is nie, stel hy die volgende [1977:3:393-394; 1960:7:120-121]

“Vanself kom die vraag: Of dit so moet voortduur? Of 'n groot deel van ons Psalmboek dooie kapitaal moet bly? Dan wel, of dit nie beter sal wees om die Psalms maar te verwyder wat tog nooit gesing word nie?

Teen verwydering sal seker elke Gereformeerde protes aanteken. Maar— moet dit dan nie anders word nie?

En wat is dan die oorsaak van die verwaarlosing van so baie Psalms?

As ons die lysie deurkyk van Psalms wat in die gemelde dienste nooit gesing is nie, dan tref dit ons dat dié Psalms, op enkele uitsonderings na, **op moeilike of onsingbare wysies berym is, m.a.w., dit is nie die inhoud wat die keuse vir die kerkdiens bepaal het nie, maar die musiek.**

Neem byvoorbeeld Ps.80, wat in dié duisend dienste nooit gesing is nie. Watter mooi woorde en hoe toepaslik op die lewe van die gemeente! Laat dié Psalm dan ook net op die wysie van Ps. 105 gesing word, en dit sal geen dooie letter in ons kerkboek meer wees nie.

Waar ons dan nou in Suid-Afrika staan voor die feit dat 'n nuwe bewerking, 'n beryming van ons Psalmboek in Afrikaans onderneem is, moet ons daardie syfers wat met groot sorg versamei is deur die Hollandse orrelis, goed onder dié oë sien.

Buiten die Psalms wat al 'n Afrikaanse kled aangetrek het, is daar nog 'n hele aantal waarvan die wysies goed singbaar is. Maar hulle word minder en minder, sodat ons uiteindelik sal te staan kom voor dié Psalms wat selfs in duisend dienste nie in aanmerking kon kom nie, terwyl ander Psalms wel so nou en dan oopgeslaan word, maar tog nie vlot en met stigting gesing word nie.

Moet in die laaste gevalle maar gehou word wat ons het, eenvoudig omdat dit erfstukke is? Of moet daar nuwe melodieë gesoek word?

Soos ons lesers weet, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk twee bundels nuwe melodieë uitgegee, om die oues wat so swaar is om te sing, te vervang. Sommige van die nuwes is ook maar moeilik, en sommige minder geskik vir kerkgebruik. Maar die meeste van hulle kan met stigting aangehef word en het ook al vir hulle 'n plek verower in die eredienste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Jammer alleen dat hierdie nuwe toonsettinge gemaak is vir die Hollandse woorde, sodat die Afrikaanse berymer nie vry kom van die baie slepende uitgange of beklemtoonde sillabes aan die end van die versreëls nie. Dit is egter 'n moeilikheid wat al ten dele oorwonne is en wat ook geen hinder moet wees om 'n melodie te aanvaar as dit eenmaal algemene byval gevind het nie.

Die beryming van die Psalms in Afrikaans is bedoel om dié heilige liedere verstaanbaar te maak vir ons opkomende geslag, sodat ons jongmense ook met hul verstand kan sing. Maar dan moet die wysies ook „verstaanbaar" wees.

Graag sou ondergetekende in hierdie saak die gevele verneem van die betrokke sinodale kommissies, sowel van dié wat deur die ander Hollandse Kerke benoem is, of nog benoem sal word. Ook die advies van ander belangstellendes **sal sekerlik welkom wees**. Die Kerkblad, no. 601, 3 Mei, 1927.”

3. Totius skryf ook oor die belangrikheid van ‘ritme’ (ek verstaan dit ook as musiekleek nou beter na ek Totuis gelees het), en dan sê hy onder andere [1977:3:416-418; 1960:7:212]:

Wat ons hier wil beklemtoon, is die hoofprinsipe, nl. dat die Psalms gesing moet word nie net volgens die noot wat daar staan nie, maar ook volgens die tyd wat daarvoor deur die ou meesters aangegee is.

Ondergetekende staan nog by wat hy in 1923 in sy uitgawe van die „23 Psalms“ geskrywe het: „Ons lyk dit taamlik duidelik dat ons, ter verbetering van die Psalmgesang, moet terugkeer na die ou singtrant.

Al is daar geen ander argument voor aan te voer nie as dat die opstellers die wysies gemaak het om ‚kort en lank‘ gesing te word, dan is dit al rede genoeg, 'n Kunstenaar weet tog beste hoe sy stuk voorgedra moet word **om uiting te gee aan wat in sy binneste geleef het**. Ons vermink dan ook die kunswerk van Bourgeois e.a. as ons wel die toon behou maar die tyd van hulle komposisies na willekeur verander— asof tyd en toon nie ten nouste saamgeweef is nie. Dieselfde verminking sou plaasvind wanneer ons wel die woorde en inhoud van 'n gedig vashou **maar die ritme op ons eie manier deurmekaar maak**". ...

“Wat ondergetekende toe nog nie geweet het nie, het hy in 1937 ontdek, nl. dat ds. H. Hasper, predikant in Den Haag, alreeds jare lank besig was om samekomste in kerkgeboue te hou waarin die ou Psalmmelodieë **ritmies geoefen is**. Hoewel predikant van die Gereformeerde Kerke in hersteld verband, het hy ook onder Hervormdes en Rooms-Katolieke opgetree. Oral was hy welkom in hul kerkgeboue en het hy die skare met geesdrif besiel in die ritmiese Psalmgesang.

Hy het toe aan ondergetekende twee boekwerke ter hand gestel. Die een heet: *Het rythme in den zang der gemeente by den eredienst der Protestantsche kerken, Liturgisch-hymnologische studie*, 1934.

Die ander is 'n beryming van die 150 Psalms met die ritmiese musieknotering, 'n luukse-uitgawe. Die eerste boek is inderdaad 'n studie op musikale gebied. Hier is dan 'n man aan die woord wat met gesag kan spreek, omdat hy die kwessie van ritme tot in sy grond deurvors het. Uit alles blyk dat ons ons hier op 'n gespesialiseerde gebied bevind, baie interessant en vol verrassings. Ons

maak kennis met Louis Bourgeois, die groot Psalmkunstenaar wat sowel onder die inspirerende as tereg wysende invloed van Calvyn verkeer het.

Van Calvyn sê ds. Hasper: „Teenoor die weelderigheid van die koorgesang in die Roomse Kerk het Calvyn 'n strak styl met 'n afgemete tydsduur van die note passend gevind vir die gemeentesang van die Reformatoriese kerke, en hy het gehoop dat hierdie ‚ritmiese‘ singe in halwe note en kwart note **ook in ander lande oorgeneem sou word**“. Tot in die middel van die 16de eeu is hierdie note geskrywe net soos teenswoordig die hele en halwe note.

Ook ds. Hasper meen dat daar **speelruimte kan wees by die aanvaarding van die ou toonsettinge**. Maar dan verklaar hy beslis: „Die gemeente weet nie hoe ryk hy is en tot watter vreugde en wyding hy in die erediens sou kom as hy hom bewus geword het van die waarheid en vroomheid wat in die suiwere bewaring van die ou tonaliteite en in die getrou bly aan die gees van 'n vrye ritmiese beweging van die lied geleë is nie“ (bl. 28, 29).

Hierdie historiese besonderheid is van belang. Die vraag is al gestel: Wanneer tog begin is om die note ewelank te sing? Ds. Hasper antwoord: „Toen in de Geref. Kerken de ‚Evangelische Gezangen‘ in 1806 in gebruik werden genomen, deelden zij het lot van de melodieën der Psalmen; alle noten werden gelijk gemaakt. Dit is geen ontwikkeling, maar een ontaarding.“

Dit alles gee ds. Hasper aanleiding om hierdie belangrike opmeking te maak:

„Calvyn het nie sommer verniet die kerke gevra om tog veral ritmies te sing nie. Daarin lê 'n diepere sin. Dit was nooit die bedoeling om die religieuse lied net op gelyke note te sing nie, **ook al kan dit baie verhewe en skoon wees**, nl. wanneer hierdie gelykheid ook in die gees van die digter aanwesig was By die opskryf van 'n melodie moet gesoek word na die vorm wat die lied in die gees van die digter gehad het. Hierdie vorm word gekwets deur die rek van die tone tot tone van gelyke lengte *as die digter hom sy lied anders voorgestel het*“ (bl. 41— kursivering van ons).”

En dan vermeld Totius verder, weer met verwysing na ds. Hasper:

“Korrespondente in Die Kerkbode het van gedagtes gewissel hoe die kommissie ad hoe saamgestel behoort te word. Aan die hand is gegee dat predikante die woorde moet kontroleer terwyl ’n aantal musikante moet sorg dra dat alleen die beste musiek tot beskikking van ons volk gestel sal word.

Hiermee gaan ons nie saam nie, om verskillende redes. Maar laat ons korthedshalwe volstaan met 'n enkele sitaat uit die werk van ds. Hasper:

„Hiermee word nie beweer dat die keuse van die melodieë en hulle notering **net 'n saak van die musici sou wees nie**. Ten slotte is alles wat in die erediens gebruik word, aan die diens self **ondergeskik**. By verskil van mening behoort die liturg die laaste woord te hê”.

Dan kom ds. Hasper tot hierdie gevolgtrekking: „Wat vir die erediens bruikbaar of nie bruikbaar is nie, is in laaste instansie 'n **liturgiese aangeleentheid**”.

Ten slotte nog 'n kort aantekening ten opsigte van die tweede boekwerk wat ds. Hasper ons ter hand gestel het, nl. sy beryming van die Psalms met die musikale notering daarby.

Ook hier verkondig hy in sy voorwoord die lof van ons melodieë. Hy sê: „Die Psalmmelodieë uit die 16de eeu behoort tot die allerskoonste wat op musikale gebied geskryf is. Wie eenmaal die wese daarvan ontdek het, staan voor die raaisel **hoe dit moontlik was dat hierdie skatte meer as drie eeue vergeet geword is**”.

Broeders, my eie opmerking: Totius skryf hierdie woorde in die Kerkblad van 4 Okt 1946, no.1047.

Daar het ook ‘n latere werk of werke van ds. H. Hasper verskyn, *Calvijns Beginsel voor den Zang in den Eredienst, verklaard uit de Heilige Schrift en uit de Geschiedenis der Kerk: een kerkhistorisch en hymnologisch onderzoek* (‘s-Gravenhage, 1955). Hierdie werk bestaan uit 2 A4 dele boeke: deel 1, 774bl en deel 2, 1147bl.

4. Oor die historisiteit van die sing van kort en lang note skryf Totius [1977:3:420; 1960:7: 160]

“Ek moet verder hierby opmerk dat die sing op kort en lang note **geen nuwigheid is nie, maar 'n ouigheid, ja 'n baie ou ene**, want dit dateer uit 1539, en dit was die geboortejaar van die Calvinistiese Psalmmusiek.

Nou verlaat ek Straatsburg en Genève en gaan oor na Nederland, waar Datheen die Psalmboek van Genève in Hollands vertaal en die melodieë daarvan oorgeneem het.

Hier, in Nederland, verneem ons dat ons vermaarde Voetius, in die 17de eeu professor in Utrecht, waarsku (seker al nodig in sy tyd!) om nie die singtrant van Calvyn en Bourgeois te laat vaar nie en dit **nie te verruil vir die Gregoriaanse sang**, waarby al die note 'n gelyke tydlengte soos die teenswoordige Psalmgesang het nie. Hy sê in sy groot werk oor kerkreg dit:

“ 'n Mens moet die hele en halwe note (want ander is daar amper nie in ons Psalmboek nie) een en andermaal gewaarsku (deur die voorsinger) van mekaar onderskei. Want dit is van veel meer waarde vir die geniet van die eenvoudige en ernstige melodieë van Goudimel as die lettergrepe volgens die maat van die note by die sing langer of korter tydduur kry, as wanneer 'n mens hulle almal 'n gelyke tydduur gee soos by die Gregoriaanse gesang" (Pol.Eccles.II, 2, 1, 2).

Dergelike historiese en ook ander oorweginge het dan ook teweeggebring dat manne soos dr. A. Kuyper, dr. H. H. Kuyper en dr. J.C. de Moor hulle ten gunste van die ritmiese singtrant verklaar het. Maar waar kom die teenswoordige singtrant (die wat al die note ewe lank maak) dan vandaan? Dr. De Moor gee ons enigsins lig op hierdie punt. Hy sê in die inleiding van sy Psalmuitgawe dit:

„Vermoedelik sedert die laaste helfte van die 18de eeu het hulle die Psalmwysies— ek laat die tempo nou heeltemal buite beskouing— in ons land só gesing dat al die note dieselfde tydsduur gehad het. Die sg. kort singtrant is nog eers op die proef gestel, waarby die eerste en laaste noot van elke reël lank en die ander almal kort was, maar dit het nie byval gevind nie, **en onder invloed van die sing van die Evangeliese Gesange het hulle toe die Psalmmelodieë gelyk gaan maak wat betref die waarde wat aan elke noot daarvan gegee is.** Met die insinking van die Calvinisme het gepaard gegaan die invoer van eenvormigheid en die berowing van hulle karakter van die kernagtige wysies wat Calvyn se reformasie aan die Gereformeerde mense geskenk het”.

Dr. De Moor meen dus dat die teenswoordige singtrant afkomstig is uit die laaste helfte van die 18de eeu, en dat dit ontstaan het veral **onder invloed van die sing van die Evangeliese Gesange**, wat deur gaans note bevat van dieselfde tydduur, d.w.s. note wat ewe lank is.” ...

5. Oor die praktiese uitvoerbaarheid van ritmiese sang, asook die afdwingbaarheid daarvan, skryf Totius dan verder:

Wat nou die praktiese uitvoerbaarheid van die ritmiese sang betref, daaromtrent bestaan daar teenswoordig twyfel, blykens die aanhalinge in „Uit en Oor die Pers”.

Kortheidshalwe wil ek daaromtrent net opmerk:

i) Die musiekmeesters van Calvyn was manne van die praktyk, hulle was voorsingers, en hulle het ongetwyfeld **rekening gehou met die eise van die praktyk.**

(2) Die manne het die Psalmwysies spesiaal gemaak vir die gemeente en nie vir 'n „beskaafde publiek" nie. Hulle het goed geweet wat ‘n gemeente **kan sing en wat nie**.

(3) Hoe betreklik maklik 'n gemeente, met 'n weinig voorligting en oefening, tuis raak in die ritmiese singtrant, is al meermale **in die praktyk gesien**, en dr. De Moor lê daaromtrent 'n duidelike getuienis af (vgl. die inleiding voor sy Psalmuitgawe).

Ek wil hierdie stuk besluit met 'n tweetal opmerkinge:

Ten eerste wil ek nie graag deurgaan as voorstander van die ritmiese singtrant as die kort note te kort gesing word nie. Die neiging om die kortes té kort te maak, veral as daar 'n hele reeks volg, is blykbaar baie sterk. Dit moet teëgegaan word. Die kort note moet hulle waarde as sodanig ten volle behou. 'n Weinig oplettendheid en oefening sal maak dat ons gou die gewenste resultaat bereik. Die kort note op hulle suiwere lengte gesing, verhoog meteen die waarde van die lang note, **wat dan meer betekenis en krag kry**.

Ten tweede wens ek op te merk dat die teoretiese beoefening van 'n saak nog iets anders is as die praktiese bewerkstelling daarvan. Die laaste geld die nou en die hier, m.a.w. ons kry dan te doen met **plaaslike** omstandighede.

Die invoering van 'n nuwe— of ook verouderde!—singtrant moet geleidelik en sonder dwang plaasvind.

Die gemeente moet oortuig wees.

Waar dit nie die geval is nie, moet ewenwel die vrede gehandhaaf word.

Oortuigingswerk kan gedoen word, maar as dit nie wil help nie, moet berus word in die bestaande toestand.

Elke kerkraad sal dan ook wel mans genoeg wees om te kan oordeel of 'n verandering met stigting van die gemeente en met behoud van vrede kan aangebring word.

Ons sinode het dan ook in 1924 die ritmiese sang aanbeveel maar geen dwang opgelê nie.”

Die Kerkblad no. 726, 5 Oktober, 1932.”

6. Totius skryf ook oor die ‘waardevolle wenke insake ons kerkmusiek’, na aanleiding van die opmerkings van ‘n NGK orrelis [1977:3:423; 1960:7: 209]:

“Na aanleiding van die ritmiese uitgawe van ons Psalmboek deur die vermaarde kunstenaar, S. de Lange van Stuttgart, sê mnr. Matthews iets oor die ritmiese sang wat seker nie onopgemerk mag bly nie.

„Wie weet”, so skrywe hy, „**of ons eendag nie sal terugkeer tot die ritmiese sang nie**, want hoewel ons 'n groter mate van statigheid verkry het deur gelyke waardes te sing (d.w.s. deur die note almal ewe lank te maak), bly dit tog 'n feit dat die ritmiese melodie baie gouer en makliker onthou sal word”. Ons gaan hiermee saam en voeg daaraan toe dat ons melodieë oorspronklik ritmies gekomponeer is. Die kunstenaars wat sulke onsterflike melodieë voortbring het, sal wel ook die beste geweet het op watter manier hulle gesing moet word.

Mnr. Matthews kan nie nalaat om in hierdie verband iets oor die Hallelujaliedere te sê nie. Hoewel ons hulle nie sing nie, is dit tog goed om te luister na sy waarskuwende stem. „Miskien”, so maak hy sy gevoele kenbaar, „is die ritmiese melodieë een van die redes waarom ons jong mense die Hallelujaliedere so aantreklik vind”. Die melodieë van ons Psalms, byvoorbeeld, „staan baie hoër”, sê hy, En dan gaan hy voort: „Dit is te betreur dat by Jongeliedeverenigings, C.S.V.-byeenkomste en konferensies, ja, selfs by die Sondag- en dagskole meer van die Hallelujalied gemaak word” as van **die ou kerklied**.

Oor die nuwe melodieë, sommige waarvan ook in ons Psalmboek opgeneem is, maak mnr. Matthews die **verstandige** opmerking:

“Van die nuwe wysies wil ons maar niks sê nie, want die tyd sal ons leer om hulle aan te neem of te laat staan. **Daar is egter 'n paar baie doeltreffende wysies soos Ps. 8, 23 en 48 ...** Ons sou aan die hand gee dat geen enkele ou wysie weggelaat word nie maar dat die nuwe wysies **as 'n byvoegsel** in ons Afrikaanse bundel geplaas word”.

Soos ons lesers uit die voorrede van ons Psalmboek weet, was daar in die musiekkommissie self verskil van gevoele. „Meer as een melodie wat gekies is en in die bundel verskyn, is gekies met die stem van die meerderheid”, so lui dit daar.

Nou is ons gevoele dat die musiekkommissie moet bly voortbestaan, sodat later finaal or die nuwe melodieë beslis kan word.

Daaronder is daar beslis wat baie waardevol en 'n aanwys genoem kan word. Maar daar is ook ander wat beslis agterweë kan bly.

Hieromtrent sal die betrokke kommissieledede wel gaandeweg tot **rypheid** geraak.

Mnr. Matthews gaan voort:

„Maar, nou meer oor ons eeue-oue wysies, wat soms deur ons so skromelik verwaarloos word, ja, soms verruil word vir ligsinniger, oppervlakkiger wysies uit die Halleluja. Al die eeue deur was die kerk die kweekplek van die allerskoonste musiek, en dit is tog so natuurlik, want musiek is kuns, en kuns is die skoonste uiting van die mensiesiel.

7. Laastens, haal Totius vir mnr. Matthews aan oor wenke om die kerksang te verbeter:

“Ons gee 'n opsomming daarvan vir sover dit bepaaldelik op ons Psalmgesang betrekking het:

(1) In die skole en samekomste van godsdienstige aard moet meer gesing word. Psalms is ook vir samekomste van jongmense ten volle geskik. (Vir hulle insonderheid skrywe mnr. Matthews.) Hulle kan gesing „word in die plek van ander liedere wat soveel swaarder leer en net so gou vergeet word, en vir skoolsanginspeksie en skoolsangwedstryde gebruik word. Om 'n paar melodieë op dié manier deeglik in te studeer, **sal blywende waarde hê**. Natuurlik praat ons van Afrikaans mediumskole”.

(2) Dit geld ook van Afrikaanse kunswedstryde. Ook die radio kan gerus een uur op Sondagmiddae vir ons kerklied afsonder.

(3) **Meer sang** by die huisgodsdienste en op Sondag.

(4) Selfs grammofoonplate, deur goeie sangers versorg, kan help.

(5) By ons eredienste behoort ons **meermale en meer versies** te sing.

(6) By kleiner opkomste moet ons **bymekaar sit** en nooit oor die hele kerkgebou versprei wees nie.

(7) Die orrelis moet vooraf die Psalms ontvang en nie van die preekstoel af nie, om hulle voor die tyd in te studeer.

(8) Dit is goed dat die orrelis soms by die aanvang of uitgaan van 'n diens 'n **minder bekende melodie** i.p.v. die gewone orrelstuk speel. Sodoende leer die gemeente dit onbewus. Baie kan dus nog in hierdie rigting gedoen word.

Maar wil ons?

Met hierdie vraag besluit mnr. Matthews sy stuk. *Die Kerkblad*, no. 893, 9 Februarie, 1940.”

Slot

Tot hier ‘n paar aanhalings vanuit TVM. Soos genoem, hoop ek dit sal jul die artikels self gaan laat lees om die sake te oordink.

In Totius se skrywe sien ek sy oorweldigende liefde en voorkeur vir die Geneefse melodie, die ‘ou kerklied’, en dat dit bevorder moet word en oorgedra word aan die nageslag (dalk iets van, ‘my erfenis is vir my mooi, Ps.36:6b, van toepassing op ons liedereskat?).

Ek sien egter **ook** by hom en ander Geneefse voorstanders ‘n baie sterk pastorale geduld en lankmoedigheid om dit nie deur te druk ten koste van die vrede in die gemeente nie. Die vrede en stigting van die gemeente (en dus mede-gelowiges wat die Here – soos myself as gebroke dwase sondaar – genadiglik ‘aangeneem’ het!) moet ook heeltyd nagestreef word (*nagejaag* word, Rom.14:19 = oproep/appél/wat op my gemaak word), wat ook ‘n bybelse beginsel is, of hoe ?

Broeders, mag die Here ons wysheid gee om albei sake vas te hou en te bevorder in ons gemeente, tot sy eer en heil van ons gemeente.

Kom ons onthou daarom die woorde van Romeine 14:19 ook in ons gesprekke en besluitneming:

“Laat ons *najaag* wat tot vrede en onderlinge stigting dien.” (sien weer Cobus se preek/lesing in hierdie verband by ons konferensie: [Romeine 14](#))

Calvyn se verklaring: “But it must be noticed, that edification is joined to peace; because some, not unfrequently, too freely indulge one another, so that they do much harm by their compliances. Hence in endeavoring to serve one another, discretion ought to be exercised, and utility regarded, so that we may willingly grant to our brother whatever may be useful to further his salvation. So Paul reminds us in another place: "All things," he says, "are lawful to me; but all things

are not expedient;" and immediately he adds the reason, "Because all things do not edify." (1 Corinthians 10:23.)”

Geneva verklaring: “A general conclusion: the use of this liberty, indeed, and our whole life, ought to be concerned with the edifying of one another, insomuch that we consider that thing unlawful, by reason of the offence of our brother, which is of itself pure and lawful.”

Statenvertaling verklaring: Zo dan, laat ons ⁹⁰najagen ⁹¹hetgeen tot den vrede en hetgeen tot de ⁹²stichting ⁹³onder elkander *dient*.

90 *Gr. vervolgen*, dat is, op alle manieren zoeken. Zie dergelijke [Ps. 34:15](#).

91 Dat is, laat ons alle middelen aanwenden om vrede onder de gelovigen te houden; en vlieden al wat denzelven zou kunnen verbreken of verhinderen.

92 Een gelijkenis genomen van het opbouwen van een huis of tempel, dat is, laat ons trachten naar hetgeen waardoor de kerke Gods, die het huis is des levenden Gods, [1 Tim. 3:15](#). [Hebr. 3:6](#), mag opgebouwd en gesticht worden, [Matth. 16:18](#). [1 Kor. 3:9](#). [2 Kor. 13:10](#). [Ef. 4:12](#). [1 Tim. 1:4](#).

93 Dat is, aan weerszijden, elk toebrenge wat tot stichting der gemeente dienstig is, de zwakken met toenemen in de kennis der christelijke vrijheid, en niet te veroordelen de anderen; en de sterken in het aannemen van de zwakken, met vermijden van ergernis en van verachting der zwakken.

Expositor's NT: “The practical rule implied here is that, when anything is morally indifferent to me, before I act on that conviction, I must ask how such action will affect the peace of the Church, and the Christian growth of others.”